

moet vir mij ook die stories vertel, wat Meester vir julle vertel het."



PRESIDENT HOFFMAN.

waar die Boere vroeër mee geskiet het. Ek sal vir Pa vra, of Oom Willem 'n bietjie kan oorkom, om ons van vanmelewe se dae te vertel.

"Hierdie is die portrette van ons oorlede Presidente. Dis President Hoffman, hierdie is President Boshof, daardie

GERT. "Vanaand sal ik partij vertel, of more, as ons almaal biimekaar is. Nou gaan ons net kijk.

"Hieronder is alles net van die geskiedenis. Hier is Boesmanpijle, daar is 'n Boesman self, dit is 'n asgaai. Hierdie is 'n ou Sanna,



PRESIDENT BOSHOFF.

is President Pretorius, daar hang President Brand, dis President Reitz en daardie borsbeeld is die beeld van President Steijn. Sien jij, jij kan hier ook baie van die geskiedenis leer.

“Het jij al 'n piano gesien? Nog nie? Nou kijk hier, dis 'n kafferpiano. Jij het seker nie geweet dat hulle ook piano's gehad het nie, nè? Ek sal



PRESIDENT PRETORIUS.



PRESIDENT BRAND.

die juffrouw gaan vra, of ek 'n bietjie daarop kan speel."




PRESIDENT REITZ.

Weg is Gert, en net 'n oomblikkie later daar is hij weer.

GERT. "Jaap, die juffrouw sê, ek mag. Luister nou mooi: Pang, ping, pong, pung; pung pong, ping, pang; pang, pang, pang; ping, ping, ping, ping; pong, pong,

pong; ping, pang, ping, pang; mooi, nè? Jong, ek wens, ons het ook een bij die huis, dan sou ek al die versies van die skool daarop speel.

"Maar nou moet ons huis toe. Wat sal Annie tog nie jaloers wees nie, dat jij alles gesien het, nè? Kom Jaap!"



LES 17.

STORIES VAN MEESTER.

BIJ die huis sê Jaap vir Annie :

JAAP. "Ek het gesien, wat jij nie gesien het nie !"

ANNIE. "En ek het gesien, wat jij nie gesien het nie !"

JAAP. "Ek was in die museum."

ANNIE. "Ek sê nie, wat ek gesien het nie."

JAAP. "Jij het ook niks gesien nie."

ANNIE. "Ek het iets gesien."

JAAP. "Dan moet jij dit ook sê."

ANNIE. "Ek het . . ."

JAAP. "Nou wat het jij ?"

ANNIE. "Ek het 'n brief van Ma gesien."

JAAP. "Het jij 'n brief van Ma gekrij ?
Waar is dit ?"

ANNIE. "Nee, jij krij hom nie, voor jij nie vertel, wat jij in die museum gesien het nie."

JAAP. "Nee, Gert het belowe om te vertel. As hij 'n storie vertel het, dan krij ek die brief nè ?"

ANNIE. "Ja, maar dit moet 'n mooi storie wees."

GERT. "Kom ons gaan onder die bome sit, dan sal ek vertel."

DIE STORIE VAN DIE OU WILDE HOND.

In die ou dae was daar 'n wilde hond, wat baie springbokke gevang het, en altijd geja het agter al die wild, wat hij kan krij. Toe hij baie oud was, en hij nie meer so hard kon loop as die springbokke nie, het hij een keer in die aand bij 'n klompie springbokke gekom. Net toe hulle hom sien, roep hij met 'n klaende stemmetjie: “Moenie wegloop nie! Moenie



bang wees nie! Ek sal julle niks doen nie. Laat mij net 'n bietjie bij julle uitrus.”

Op laas word die springbokkê gerus en gaan lê hulle weer, maar altijd met hul horings naar die wilde hond toe.

Toe hij slaap, kruip die springbokke mooi bijmekaar en gesels oor die snaakse vijand, wat somaar met eens 'n vrind kamma wil word.

Een sê: “Moenie vir hom vertrouw nie. Het julle nie gesien, dat hij al baie oud is nie? Hij kan nie meer hardloop nie. Dis daarom, dat hij so vrindelik is.”

Die tweede begriip darem nie, waarom hij nie bij sij maters geblij het nie.

Die derde sê: "Hulle wil hom seker geen vleis gee nië en nou het hij honger gekrij."

"Maar," sê die vierde: "Hoekom het hij dan hiernatoe gekom?"

"O," sê die vijfde: "Hij seek klein bokkies, wat nog nie kan hardloop nie. Dis die ding! Hij wil hulle vang, as ons weg is van hulle af!"

"Ja, ja!" skreeuw almaal. "Ons moet hom nie vertrouw nie. Hij is nog dieselfde ou vijand. Ons moet hom doodmaak."

En so kom die volgende more almaal met die koppe laag bij die grond naar die wilde hond. Dit het hom niks gehelp nie, dat hij belowe het om nooit weer vleis te eet nie. Hij het te baie van hulle dood gemaak, toe hij nog sterk was, en nou hij oud was, krij hij sij straf daarvoor. Twintig bokke stoot toe, en met 'n vreeslike getjank is hij op die plek dood.

So het die springbokke hulle gewreek.

LES 18.

DANKBAARHEID BIJ DIE DIERE.

DAAR was eendag 'n aasvoël, wat sij nes bo op 'n hoë krans gebouw het, Aan die voet van die berg woon 'n volstruis met sij famielie.

Hulle ken mekaar goed, maar gesels nooit met mekaar nie.

Een aand, toe die volstruis van plan was om huistoe te gaan, sien hij tot sij verwondering sij buurman Aasvoël in die veld. Toe hij digtebij kom, hoor hij :



AASVOËL. "Oom, kan jij mij nie help nie ? Ek het gebaklei en nou is mij een vlerk so seer, dat ek nie kan vlie nie. Ek sit hier nou al die hele middag en ek vrees, mij vrouw en kinders sal baie onrustig wees."

VOLSTRUIS. "Ek is jammer vir jou, neef. Wat kan ek vir neef doen ?"

AASVOËL. "Sou Oom mij nie altemit die berg op kan dra nie? Ek sou baie dankbaar wees en mij vrouw nie minder nie."

VOLSTRUIS. "Wel ek kan probeer, maar berge het ek nog nooit in mij lewe beklim nie. Kan jij op mij rug klim?"

AASVOËL. "Ek sal probeer. Ja, ek dink dit sal gaan."

VOLSTRUIS. "Reg so. Sit jij goed? Dan kan ons maar aangaan."

AASVOËL. "Waar gaan ons nou heen?"

VOLSTRUIS. "Kijk, ek moet darem eers mij vrouwtjie gaan sê, waar ek heengaan."

"Ek gaan ons vrind Aasvoël naar die krans bring. Altemit kom ek eers weer more terug."

MEVR. VOLSTRUIS. "Wat makeer, meneer Aasvoël?"

AASVOËL. "Nee, mevrouw, mij een vlerk het seer gekrij. Nou kan ek nie vlie nie. Meneer Volstruis het vrindelik aangebied om mij huis toe te dra."

MEVR. VOLSTRUIS. "Sal jij versigtig wees? Ek weet jij is altijd so waaghalserig. Dink aan jouw arme vrouw en kinders."

VOLSTRUIS. "Ja, vrouw, wees maar gerus. Maar dink hoe die arme vrouw Aasvoël onrustig sal voel, as meneer Aasvoël nie h'istoe kom nie."

MEVR. VOLSTRUIS. "Nou ja, alles ten beste, meneer Aasvoël!"

AASVOËL. "Dankie, mevrou!"

VOLSTRUIS. "Pas op, ou maat, dis maar baie opdraand hier, nê? Klouw maar goed vas!"

AASVOËL. "Dankie, dit sal ek doen."

VOLSTRUIS. "Soe! Maar jouw naels is mos vreeslik skerp!"

AASVOËL. "Ek sal nie weer so vas klouw nie. Gelukkig, ons is amper al bo. Nog 'n klein entjie verder. Maar jij het sterk bene, meneer Volstruis!"

VOLSTRUIS. "Jong, maar jij is swaar! Die sweet loop bij mij oë af!"

AASVOËL. "Ek hoor mij vrouw en kinders al. So dankie, nou kan jij maar stop. Hier is ons bij mij huis."

MEVR. AASVOËL. "Wat is dit? Mij liewe man, wat het gebeur?"

AASVOËL. "Stil ou vrouw, dis niks nie. Mij een vlerk het 'n bietjie seer gekrij. 'n Wolf het mij gebijt. Maar sê liewers dankie vir meneer Volstruis, wat so goed gewees het, om mij hiernatoe te dra."

MEVR. AASVOËL. "Naand, meneer Volstruis! Baie dankie. Jij is seker baie moeg van al die swaar dra. Sal jij nie eers 'n stukkie eet nie?"

VOLSTRUIS. “Nee, dankie, ik eet geen vleis nie.”

MEVR. AASVOËL. “Eet jij geen vlees nie? Wat eet jij dan? Waarvan leef jij dan? Ons eet niks anders nie!”

VOLSTRUIS. “Ja, so het die Skepper ons gemaak. Ons eet weer net groente, beentjies en klippertjies.”

MEVR. AASVOËL. “Maar dis darem nou tog te donker om terug te gaan. Jij kan verdwaal en ongeluk krij. Jij moet hier slaap.”

VOLSTRUIS. “Ja, dankie, mevrouw.”

Hulle het maar vroeg gaan slaap. Die volgende more, toe dit dag word en Volstruis op die punt staan om terug te gaan, kom daar twee groot sterk Aasvoëls en sê: “Kijk, meneer Volstruis, ons is die broers van daardie siek Aasvoël. Ons het gehoor, wat jij vir hom gedoen het. Ons blij jou baie dankbaar daarvoor. Ons sal jou nou huistoe dra. Trap nou op ons rugge en dan sweef ons langsaam af naar jouw vrouw toe. Moenie bang wees nie!”

VOLSTRUIS. “Nou goed, ik sal die nuwe soort lugskip maar probeer.”

’n Oomblikkie later was hulle onder aan die voet van die berg. Mevrouw Volstruis kon haar oë bijna nie glo nie, toe sij haar man so uit die lug sien kom. Sij het haar verkijk.

Toe die Aasvoëls weer wegvlie, sê hulle :
“Omdat jij so goed vir ons broer gewees het,
sal ons in die toekoms altijd oor jou wag hou.
Net sodra as daar 'n jagter kom, sal ons jou
waarskuw.”

En weg was hulle.

LES 19.

DIE BRIEF.

JAAP. “Nou is die storie uit. En dit was
'n mooi storie ook, dus nou moet ik die brief
krij.” Annie het ook die verhaaltjie mooi
gevind en toe gee sij die brief aan Jaap en
hij lees dit :

Kwaggafontein,

18 Desember 1917.

Liewe kinders,

*Nou julle weg is, het Ma baie tyd om te
skrijwe. Dit is stil hier in die huis. Koos is
ook weg, hij is naar die see, sodat Pa en Ma nou
alleen is.*

*Ons hoop nou maar, dat julle baie jul uit-
stappie geniet. Julle moet maar gouw skrijwe,
wanneer julle dink om huistoe te kom. Met nu-
wejaar kan ons, so die Here wil, weer almaal bij*

mekaar wees en lekker gesels oor alles wat in die ou jaar gebeur het.

Gee ons hartelike groete aan Oom en Tante en ook aan die nefie en niggie. Vergeet nie om te skrywe met watter trein julle sal kom nie !

'n Soen van Pa en Ma,

Julle liefhebbende,

Ma.

“Hoor,” sê Jaap, na hij klaar gelees het, “ek sal tog blij wees, as ons weer huistoe kan gaan. Ma is so alleen.”

“Ja,” sê Annie, “maar dis hier tog ook lekker, of verveel dit jou altemit ?”

“Nee,” sê Jaap, “maar ek is jammer vir Ma.”

“Nog ’n week,” sê Annie, “en dan gaan ons alweer huistoe. Ons moet nog naar die museum, en dan kom Krismis. Misskien stuur Ma nog wel ’n presentjie. Ons moet ook nog iets vir Pa en Ma koop. Dis reeds al so stil thuis, dit sou tog nie prettig vir Pa en Ma wees om niks te krij nie. Hoeveel geld het jii nog oor ?”


JAAP. “Ek het nog twee shillings, drie pennies en ’n halwe pennie. En jij ?”

ANNIE. “Ek het vier shillings en ’n siks-pens. Dan moet ons more maar dorp toe

gaan om iets uit te seek. Tante sal ons misskien wel help.

“En nou moet ons ingaan, want dit word laat. Net nou moet ons gaan eet.”

Toe hulle binne is, sê Gert :



“Het julle al ’n sketskaart van Bloemfontein gesien? Ek het ’n baie groot een, waar al die strate op geteken staan. Kom ons gaan na my kamer, tot etenstijd, dan gaan kijk ons so lank op die kaart.”

’n Rukkie later lê die grondplan op die tafel. Al drie lê voor die stuk, wat op die grond hang.

GERT. "Kijk, hier is die brandweerstasie. Daar is die poskantoor."

Nou moet hulle bo op die tafel wees. Al drie klim op en kijk ewe ernstig op die kaart.

GERT. "Daar is Steijnstraat en so, verder kom jii in die." . . . doems! Daar lê alles op die grond: kinders, tafel, kaart, alles lê onderstebo! Die kinders skreeuw en roep en lag! . . .

Gelukkig het nie een seer gekrij nie. Klingeling! Klingeling! Daar lui die klokkie vir die aandete.

LES 20.

OU BLOEMFONTEIN.

NA die aandete word daar geklop. Oom Willem van wie Gert gepraat het, stap binne. Oom Willem is 'n goeie huisvrind van Oom en kôm dus dikwels oor om te gesels. En gesels, dit kan hij tog te lekker. Veral oor die ou dae van Bloemfontein. Dit duur dan ook nie te lank nie, of Gert vra vir Oom Willem of hij nie altemit 'n storie wil vertel nie. Nou, Oom Willem is altijd so vrindelik, dat hij dan ook gouw bereid is, en sonder versuim begin hij:

"Sewentig jaar gelede was daar nie so 'n plek as Bloemfontein nie. Toe was alles nog

woes, bedek met hoë gras. Waar nou die huise staan, het toe wilde bokke rondgeloop. In daardie dae het ons hier gekom. Mij Pa, meneer Brits en nog enkele ander Boere. Op drie verskillende plekke het ons toe ons tente opgeslaan. Bij die koppie, waar nou die fort is, was ons waens en tente. Op die plek van die presidentshuis, oorkant die spruit het Brits se wa gestaan en verder oorkant die spoor was nog 'n klompie Boere. Orals het ons toe met ons beeste rondgetrek en geen mens het kan dink, dat hier ooit 'n groot dorp sou kom nie.

“Een aand loop die perd van Brits in die nek van die twee koppies en daar kom 'n leeuw en spring op hom. Die leeuw het ons dood geskiet, maar die mooi rijperd van Brits was 'riem alleen,' soos ons in die dae gesê het, dit beteken, hij was dood.

“Omdat die plek so goed vir beeste was, het Brits besluit om hewers hier te blij. Daarom het hij hier 'n huisie gebou. 'n Hartbees-huisie soos ons dit genoem het. Dis jammer, dat julle dit nou nie meer kan sien nie om dit te vergelyk met die groot huise in Maitlandstraat.

“Altemit sou dit jare geduur het, voordat daar meer huise sou gekom het. Maar na die slag van Boomplaats, waar die Boere en Engelse

geveg het, moes die Boere wegtrek en toe het die Engelse hier gekom en die Kommandant, Sir Harry Smith, het toe besluit om hier 'n fort te bouw. Dit het hij ook gedoen bo op die een koppie en dis dieselfde fort, wat julle nou nog daar duskant Waaihoek kan sien. Daar het 'n hele klomp soldate geblij met hulle offisiere, en so het dit noodzakelik geword om baie huise te bouw.

“Toe hier nou soveel mense kom woon, het hier natuurlik gouw winkels gekom. En so het die ou stil plekkie, waar vroeër niks anders as wild was, toe ons hier gekom het, in 'n paar maande se tijd 'n dorpie geword. So, nou weet julle, hoe die dorp Bloemfontein ontstaan is.”

GERT. “Maar waar het die naam vandaan gekom, Oom Willem? Hier is mos nie 'n Fontein nie?”

OOM WILLEM. “Maar toe ons hier gekom het, was daar 'n baie sterk fontein. Ons het ook in die ou dae altijd gepraat van 'n blom van 'n perd, as ons 'n baie mooi en goeie perd bedoel. So was dit ook 'n blom van 'n fontein.

“Partij mense sê ook, dat 'n mooi koei van Brits, wat Blommetjie geheet het, in die fontein geval het.”

OOM. “Die fontein was baie sterk, sodat hij altemit 'n groot vlei gemaak het, waar baie